

**Maandag 17 Januarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 20:30-31**

**Fokusgedeelte: Johannes 20:31; NGB Artikel 2-7**

**Die openbaring van God is noodsaaklik om tot geloof te kom  
en in die geloof te bly**

Johannes gee duidelik die doel waarom hy skryf, en ons kan hierdie doel toepas op die hele Woordopenbaring: "... dat julle kan glo ... en deur te glo ... te kan lewe." Bedoel Johannes "om tot geloof te kom" of "om aan te hou glo"?

Die noodsaaklikheid van die Woordopenbaring het ons "tot geloof kom" én ons "aanhou glo" in die oog. Ons bely in NGB Artikel 3 dat "God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid die profete en apostels beveel het" om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel – die "ons" hier is ons wat reeds glo; en in NGB Artikel 2 bely ons dat Hy HOM in sy Woord bekendmaak "soveel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort" – "hulle" impliseer óók die wat nog tot geloof moet kom.

My voorganger in 'n vorige gemeente het 'n pa aangesê om vir sy kind wat op die Koningskinderskamp was, elke dag 'n gedeelte uit Johannes te lees. Nadat hy Johannes van voor tot agter deurgelees het, het die pa self tot geloof gekom en later diaken in die gemeente geword! Sy belydenis was: "Jy kan nie die goed lees en nie daardeur geraak word nie". Soos ons in NGB Artikel 5 bely: "... omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is."

Ek luister na Haydn se *Seven last words of Christ*: Ek is dors! (Joh. 19:28) en wonder: Hoeveel mense rondom ons, wat aan HOM behoort, dors na die evangelie wat die geregtigheid van God so troosvol aan ons verkondig? Jesus sê: "Salig is dié wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word" (Matt. 5:6). Alles wat ons nodig het om ons geestelike dors te les, vind ons in die Woord van God.

*Sing: Psalm 69-1:6, 7, 9, 12*

*Ds. SJMS Smit (Faan) (Heidelberg)*